LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

OUERBRIEF 7 VAN 2021

14 Mei 2021

Geagte Ouers

Ons is alreeds aan die einde van die tweede week van kwartaal 2 en graag gee ons belangrike inligting en uitslae aan u deur.

Verandering van Toegangshekke vir Graad 6 en 7 Leerders
Die afgelope tyd het ons baie probleme met parkering rondom die skool ervaar en meer spesifiek in Albertonstraat waar drie graadgroepe, Graad 1, 6 en 7 gebruik maak van toegang tot die skool. Graad 1 maak gebruik van die Grondslagfase hek en Graad 6 en 7 van Hek 2.

Ten einde die vloei van verkeer te beheer en frustrasies te verminder moet ons noodgedwonge die Graad 6 en 7 leerders se Toegangshek (Hek 2) verskuif.

- Vanaf Maandag, 17 Mei 2021 versoek ons dat die **Graad 6 ouers** hulle kinders by die **NASKOOLHEK** sal aflaai waar daar baie min verkeer is.
- Graad **7 ouers** word versoek om hulle kinders by **HEK 1** (Saal) af te laai.

Die reëling bly staan dat ouers die leerders by die jongste kind in die gesin se toegangshek mag aflaai. Let asb daarop dat die Gr. 6 en 7 leerders nog steeds die skool in die middag by HEK 2 sal verlaat. Hierdie verandering van hekke is slegs vir die oggende.

Baie dankie dat u ons sal bystaan met die verandering, ons glo en vertrou dat dit die verkeer rondom die skool beter sal laat vloei.

SPORT UITSLAE
Ons was in die bevoorregte posisie om gedurende die eerste twee weke deel te kon neem aan vriendskaplike en liga wedstryde. Baie geluk aan elke Lardie wat net hul beste gelewer het, ons is trots op julle. Die uitslae is soos volg:

RUGBY
Uitslae: Laerskool Elarduspark vs Laerskool Kenmare, 6 Mei 2021

0/9A	-	wen	14/12
0/9B	-	wen	34/5
0/9C	-	verloor	15/20
0/10A	-	verloor	12/19
0/10B	-	verloor	17/22
0/11A	-	gelykop	14/14
0/11B	-	wen	7/0

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

0/13A	-	wen	29/28
0/13B	-	verloor	7/43
0/13C	-	verloor	7/12
0/13D	-	verloor	15/29

NETBAL

Uitslae: Laerskool Elarduspark vs Laerskool Constantiapark, 6 Mei 2021

0/10A	-	verloor	1/33
0/10B	-	verloor	0/32
0/10C	-	verloor	2/9
0/10D	-	verloor	1/9
0/11A	-	verloor	8/18
0/11B	-	verloor	2/11
0/11C	-	verloor	3/11
0/11D	-	wen	14/4
0/12A	-	wen	17/14
0/12B	-	verloor	8/15
0/12C	-	wen	7/6
0/13A	-	wen	26/22
0/13B	-	verloor	5/11
0/13C	-	wen	12/6

Uitslae: Laerskool Elarduspark vs Laerskool Stephanus Roos, 11 Mei 2021

0/10A	-	verloor	9/11
0/10B	-	wen	18/2
0/10C	-	verloor	2/11
0/10D	-	wen	7/1
0/11A	-	wen	15/3
0/11B	-	wen	6/0
0/11C	-	wen	8/1
0/12A	-	wen	13/3
0/12B	-	wen	23/0
0/12C	-	verloor	6/12
0/13A	-	wen	32/10
0/13B	-	verloor	9/21
0/13C	-	verloor	8/14

Uitslae: Dust the Rust

0/12A	-	2 gewen, 2 verloor
0/12B	-	3 verloor
0/13A	-	2 gewen, 1 verloor
0/13B	-	1 gewen, 1 verloor

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

SKAAK
Gedurende die afgelope naweek het die volgende leerders aan die Chris Greyling Skaak Toernooi deelgeneem.

C Afdeling
Donovan Grobler 3/5
Lydia Theron 1/5

D Afdeling
Chay Karsten 2/5
Carla Theron 3/5

E Afdeling
Oban Minny 3/5

F Afdeling
Daniel Janse van Rensburg 2.5/5
Mia du Plessis 4/5

Baie geluk Lardies met pragtige prestasies. Groot dank en waardering aan elke ouer betrokke vir u ondersteuning tydens die naweek toernooie.

Wedstryde van Woensdag, 12 Mei 2021

Span	**Uitslag**
o/13 A	Wierdapark wen 3,5/2,5
o/13 B	Gelykop vs Crowford 3/3
o/11 A	EP wen Doringkloof 5/1
o/11 B	Gelykop vs Hennopspark 3/3

TENNIS
Seuns en Dogters eerste oop spanne neem deel aan die PNB Paribas Rising Stars Toernooi te Groenkloof.
Seuns speel 4 wedstryde, wen 3
Seuns wen die B-afdeling
Dogters speel 5 wedstryde, wen 3

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

OUERAANDE

Vanaf Maandag, 10 Mei tot Woensdag, 12 Mei 2021 het daar virtuele oueraande plaasgevind op uitnodiging. Daar sal geen oueraande op die terrein plaasvind nie, maar u is welkom om 'n e-pos te stuur na die betrokke onderwyser om u kind se akademiese vordering te bespreek. Grondslagfase oueronderhoude vind steeds plaas soos deur onderwysers gereël.

FOTODAG

Op Donderdag, 20 Mei 2021 vind die fotodag plaas.
Die volgende foto's word geneem.
Skaak: o/9 A en B; o/11A en B en o/13A.
Drag vir foto: Netjiese skooldrag.

Netbal: o/10 - 13A, B, C, D spanne.
Drag vir foto: Leerders kom met hul spandrag en sweetpakke skool toe.

Rugby: o/9 A - C, o/10 A - B, o/11 A - C, 1ste - 4de spanne.
Drag vir foto: Leerders kom met spandrag en sweetpakke skool toe.

LARDIE KLEREBANK AFSPRAKE

Ons ervaar heelwat navrae vir besoeke aan ons Klerebank en wil graag alle ouers help. Om die proses vir ouers te vergemaklik het ons die prosedure sodoende verander. Let wel dat die Klerebank tye verander en sal vanaf Maandag, 24 Mei 2021 soos volg werk:

- Afsprake kan gemaak word in die volgende tydgleuwe: Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 07:45 - 14:00
- E-posse kan gerig word aan die ontvangsdames om 'n afspraak te maak:
    - Me Terina Brink: admin@lardies.co.za
    - Me Rochelle van Wyk ontvangs@lardies.co.za
    - Ons versoek dat u asseblief u selfoonnommer by die e-pos insluit.

Ons doen 'n beroep op ouers om asseblief ongebruikte skoolklere aan die Klerebank te skenk. Daar is tans 'n behoefte aan wintersdrag vir beide seuns en dogters. Skenkings van klere kan afgelaai word by die administratiewe hek, by Waldo of by hek 2. Op hierdie wyse kan ons die Lardies bystaan en aan hul behoeftes voldoen.

Vriendelike Lardie-groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF

LAERSKOOL **ELARDUSPARK**
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

- Healthy, yet delicious
- Perfect as lunchbox fillers

NATURE'S GIFT
WACKY FRUIT
FILL YOUR BODY WITH GOODNESS

Contact:
Cindy - 084 691 3969
Sanli - 072 379 7912